
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

# GRAAD 12

## JUNIE 2024

# GESKIEDENIS V2
# ADDENDUM

Hierdie addendum bestaan uit 10 bladsye.

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 1: WAAROM HET DIE BURGERLIKE SAMELEWING IN SUID-AFRIKA DIE IMPLEMENTERING VAN DIE WET OP STEDELIKE BANTOERADE GEDURENDE DIE 1980's TEENGESTAAN?

### BRON 1A

Die uittreksel hieronder verduidelik hervormings wat deur eerste minister PW Botha in 1983 in die Suid-Afrikaanse parlement ingestel is wat massa burgerlike protes ontketen het.

Gedurende die 1980's het die apartheidsregering onder toenemende interne druk gekom. Die Nasionale Party het probeer om ŉ politieke oplossing vir die krisis wat hulle in die gesig gestaar het te vind, deur die kosmetiese Driekamerparlement te skep. Hierdie bestuurstelsel het met apartheid gepeuter, maar dit nie uitgedaag nie. Botha se Nuwe Bedeling is daarop gemik om hierdie situasie te versterk deur "swart plaaslike owerhede" in die lokasies (townships) te skep. Afrikane wat in townships woon, sal toegelaat word om vir hierdie owerhede te stem, maar nie vir die nasionale regering in die Republiek van Suid-Afrika nie. Terselfdertyd sou swart plaaslike owerhede betaal word deur, en onder beheer van die nasionale regering se Bantoe Administrasieraad bly – wit amptenare wat deur die 'slegs-wit'-regering aangestel is.

Die hervormings het die teenoorgestelde effek as wat die apartheidsregime bedoel het, gehad. Hervormings het hernieude stukrag (motivering) vir die weerstandsbewegings verskaf, en die 1980's was ŉ dekade wat ŉ keerpunt in die Suid-Afrikaanse geskiedenis geword het.

Omvattende protes-aksies, deur massas gewone Suid-Afrikaners teen die apartheidsregime, het sy hoogtepunt in die 1980's bereik. Dit het stakings, massabetogings, skool-, huur- en verbruikersboikotte ingesluit. Die huise van 'uitverkoopers', regeringsgeboue en biersale is aangeval. Die regering het met uiterste brutaliteit en onderdrukking gereageer deur ŉ noodtoestand wat vir ŉ groot deel van die 1980's geduur het, te verklaar.

[Uit sahistory.org.za/article/1980s-and-crisis-apartheid. Toegang op 19 November 2023 verkry.]



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**BRON 1B**

Die uittreksel hieronder beskryf die redes vir die stigting van burgerlike organisasies in die 1980's.

Gemeenskaps- of burgerlike organisasies is op plaaslike vlak gevorm om die beheer van die apartheidstaat teen te staan en om die belange van plaaslike gemeenskappe te bevorder. Burgerlike organisasies is van onder af opwaarts georganiseer, en hoewel die ANC verbied is, het die meeste burgerlikes met die ANC geïdentifiseer.

Burgerlikes het 'brood-en-botterkwessies' soos huur, munisipale dienste, openbare vervoer en swak ontspannings- en kindersorgfasiliteite aangepak. Burgerlikes het gepoog om die lewenskwaliteit van township-inwoners te verbeter en het 'n groot rol in die weerstand van die 1980's gespeel. Daar was gereelde, gewelddadige konfrontasies met die veiligheidsmagte.

Die regering het gemeenskapsrade gestig wat deur swart raadslede bedien was wat vir township-administrasie verantwoordelik was. Hierdie gemeenskapsrade is deur huur- en diensfooie van plaaslike inwoners gefinansier. Raadslede is as medewerkers (verraaiers) of 'sell-outs' ('uitverkoopers') beskou en rade is deur gemeenskappe verwerp omdat hulle apartheidstrukture opgelê het. Raadslede en swart polisiebeamptes is gedwing om uit die townships te vlug, gedwing om te bedank of het gewelddadige dood in die gesig gestaar.

Burgerlike organisasies in straat- en gebiedskomitees het gepoog om alternatiewe instellings van administrasie en geregtigheid te vorm in 'n poging om volksmag teen wit minderheidsheerskappy te vestig. Betogings teen swak dienste het die vorm van boikotte aangeneem, waarin inwoners geweier het om huur of diensfooie aan die munisipaliteit te betaal. In 1985 het Oliver Tambo, leier van die ANC in ballingskap, gesê: "In hierdie komende tydperk sal ons met nog meer krag (energie) die vernietiging van die regeringsorgane moet voortsit om die land onregeerbaar te maak."

[Uit https://www.sahistory.org.za/article/liberation-organisation. Toegang op 19 November 2023 verkry.]



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## BRON 1C

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit 'n boek deur K. Jochelson. Dit verduidelik die huurboikot wat die *Vaal Civic Association* (VCA) in Julie 1984 aangepak het nadat 'n nuwe huurverhoging aangekondig is.

Bewyse dat politieke bewussyn in die townships al hoe meer strydlustig (aggressief) geword het, het na vore gekom toe die huurboikot na 54 townships landwyd versprei het. Dit het sowat 300 000 huishoudings betrek en die staat minstens R40 miljoen per maand gekos. Die huurboikotte was 'n reaksie op beide ekonomiese en politieke griewe.

Die Vaal plaaslike owerhede het jare lank daarin geslaag om wins te maak – wat hulle gedoen het deur die koste van die huur van dorpshuise van gemiddeld R11,87 per maand in 1977 tot R62,56 per maand in 1984 te verhoog. In 1984 was dit R10 per maand hoër as enige ander township. In Julie 1984 het die Lekoa Dorpsraad 'n nuwe huurverhoging aangekondig.

'n United Democratic Front (UDF) geaffilieerde by name die *Vaal Civic Association* (VCA) het teenkanting teen die huurverhoging gemobiliseer. Die VCA is in Oktober 1983 gestig om swart plaaslike owerhede-verkiesings teen te staan. Toe huurverhogings aangekondig is, het die VCA 'n anti-huur-veldtog georganiseer. Dit het persverklarings teen die verhoging uitgereik, pamflette versprei en vergaderings in al die geaffekteerde gebiede gehou: Boipatong, Sebokeng, Evaton Small Farms, Sharpeville en Bophelong. Die polisie het op 'n optog wat deur die VCA geroep is om teen hoër huurgeld en tariewe te protesteer losgebrand. Mense het teruggeveg. Geweld het oor die Witwatersrand versprei.

[Uit *'Rent Boycotts: Local Authorities on their Knees, Work in Progress*, No. 44 *September/October 1*986 deur K. Jochelson]

Kopiereg voorbehou


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**BRON 1D**

Die plakkaat hieronder is deur die *Vaal Civic Association* (VCA) ontwerp om gemeenskappe na ŉ vergadering te nooi om die besluite wat deur die plaaslike swart owerhede geneem is, teen te staan.




**VAAL INWONERS**

**BELANGRIKE VERGADERING**

- **verwerp gemeenskapsrade**
- **moenie stem nie**
- **eis beter behuising**
- **eis lae huurbetalings**

**JY IS GENOOI**

**PLEK: ROOMS-KATOLIEKE KERK SONE 12 (OORK. POSKANTOOR)**
**TYD: 1–00 nm.**
**DATUM: 27 NOV 1983**

**SPREKERS:**
**Lord McCamel (*Vaal Burger*)**
**Aubrey Makoena (Bevry Mandela-Komitee)**
**Elliot Shabangu (GAWU)**

[Uit https://www.saha.org.za>udf>civics.html Toegang op 19 November 2023 verkry.]

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) GEPOOG OM VERSOENING IN SUID-AFRIKA TE BEVORDER?**

**BRON 2A**

Die volgende is ŉ uittreksel uit ŉ boek deur D. Herwitz geskryf. Dit fokus op die redes vir die stigting van die Waarheid-en-Versoeningskommissie (WVK).

Die Waarheid-en-Versoeningskommissie (WVK) is in 1995 gestig om menseregteskendings sedert 1960 te ondersoek, en om amnestie aan daardie oortreders wat volle openbaarmaking gemaak het toe te staan. Die kommissie moes ook versoening en eenheid onder Suid-Afrikaners bevorder. In ruil vir volledige bekentenisse van polities gemotiveerde misdade, het die WVK amnestie belowe vir diegene wat na vore gekom het. Die WVK se mandaat moes gelyk-handig wees, maar sy samestelling was kwalik gebalanseerd. Die voorsitter, aartsbiskop Desmond Tutu, was ŉ beskermheer (ondersteuner) van die United Democratic Front, die ANC se interne front sedert die vroeë 1980's ...

Op daardie stadium was die WVK die eerste herstellende geregtigheidsproses van sy soort om openbare verhore te hou en ruimte vir oorlewendes te bied om hul stories in hul eie woorde te vertel. Hierdie verhore het ŉ belangrike simboliese funksie in ŉ land gedien waar die regeringstelsel op die ontkenning en stilswye van veral swart stemme gegrond is.

Altesaam het die kommissie sowat 21 300 verklarings van slagoffers ontvang en sowat 38 000 growwe skendings van menseregte aangeteken. Meer as een duisend oortreders het amnestie ná volle openbaarmaking ontvang. In plaas daarvan om op die konteks van ŉ daad te konsentreer, het die kommissie op die dader of slagoffer gefokus, met die gevolg dat die konteks in die meeste gevalle maar effens (swak) geskets (aangespreek) is. Kruisondervraging van slagoffers is nie in die slagofferverhore toegelaat nie, maar hoorsê-getuienis wel.

[Uit *Race and Reconciliation*, deur D. Herwitz]

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**BRON 2B**

Die bron hieronder is geneem uit ŉ boek deur Mamphela Ramphele geskryf en handel oor die redes waarom PW Botha geweier het om met die WVK saam te werk.

Nog ŉ omstrede saak was dié van die voormalige president, mnr. PW Botha. Hy het geweier om met die WVK saam te werk, en dit verwerp as ŉ instrument wat poog om die Afrikanergeskiedenis en die bydrae wat sy voorvaders tot Suid-Afrika gemaak het, oneer aan te doen. Tutu het hom op baie maniere probeer oortuig. Hy is maande gegun om vrae van die WVK te beantwoord. Tutu het Botha by sy huis in die Wildernis, Suid-Kaap, besoek om hom te probeer oorreed om verantwoordelikheid te aanvaar vir die beleide wat onder sy toesig gevolg is. Botha was tot die bitter-einde sonder berou. Volgens hom het die Afrikaners niks verkeerd gedoen nie. Hulle het net hul Godgegewe verantwoordelikhede nagekom om Christelike nasionale waardes teen terroriste en kommuniste te verdedig. Tutu het Botha met groot respek en eerbied behandel, al het hy nie met sy standpunte saamgestem nie.

Die hof het Botha aangespreek omdat hy ŉ dagvaarding om voor die WVK te verskyn, verontagsaam het. Selfs in die hof het Tutu nie sy rug op Botha gedraai nie en die kans om die land te genees nie. Hy het aan Botha voorgestel om te erken dat sy regering se beleid tot wandade deur verskeie staatsamptenare gelei het, en dat hy jammer was. Maar Botha was hardkoppig tot die bitter einde.

Sommige lede van die kommissie het gevoel dat Tutu agteroor gebuig het om ŉ skuldige (misdadiger) tegemoet te kom wat geen berou getoon het nie. Dit was nie sommer enige persoon nie, maar iemand wat ŉ leiersposisie beklee het. Moes hy nie verantwoordelikheid aanvaar het vir menseregteskendings tydens ŉ regeringstelsel waarvan hy so lank aan die hoof was nie? Ander het weer gewys op die risiko's om president Botha in daardie stadium te verneder. Gegewe die broosheid van die nuwe demokrasie, was daar ŉ gevaar dat die regsgesindes kon opstaan.

[Uit *Laying the Ghosts to rest* deur M. Ramphele.]

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**BRON 2C**

Die spotprent deur Zapiro fokus op PW Botha se onwilligheid om voor die WVK te verskyn.




[Uit *Zapiro: The Madiba Years* deur J. Shapiro.]

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**BRON 2D**

Die volgende uittreksel is geneem uit die WVK se Finale Verslag en lewer kommentaar op die reaksies deur sommige Suid-Afrikaners oor die kwessie van versoening.

Om saam te val met die nasionale Dag van Versoening en om die tweede herdenking van die stigting van die Kommissie te vier, is vier 'Registers vir Versoening' in Desember 1997 geopen, een in elk van die streekkantore. Die idee van so 'n register is informeel onder kommissarisse bespreek en het tydens 'n radio-inbelprogram duidelik geword, toe luisteraars 'n behoefte uitgespreek het aan een of ander manier om die spyt en berou wat hulle oor vorige onregte gevoel het te artikuleer.

Met die aankondiging van die Register het die Kommissie gesê: Dit is tot stand gebring in reaksie op 'n diepe wens vir versoening in die harte van baie Suid-Afrikaners; mense wie dalk nie growwe skendings van menseregte gepleeg het nie, maar nietemin hul spyt wil aandui oor mislukkings in die verlede om alles te doen wat hulle kon doen om sulke skendings te voorkom; mense wat op een of ander simboliese wyse hul toewyding tot 'n nuwe soort toekoms wil demonstreer waarin menseregteskendigs nie sal plaasvind nie.

Ons weet dat baie Suid-Afrikaners gereed en gretig is om van 'n vorige geskiedenis van verdeeldheid en diskriminasie weg te draai. Binne 'n kort tydjie het dosyne mense na die Kommissiekantore gekom om die Register te teken, en selfs meer het die internetwebwerf gebruik om hul boodskappe oor te dra. Baie briewe wat aan die Kommissie geskryf is, is ook aan die Register aangeheg. Van die boodskappe is met skenkings vir die President se Fonds vir Herstel vergesel. Baie het om vergifnis gevra. Baie het dankbaarheid uitgespreek vir die geleentheid "om uiteindelik in die openbaar te erken hoe ons voel", om die woorde van een bydraer te gebruik.

Dit is nie te laat nie – ja, ek kon meer in die verlede gedoen het, kon dapper gewees het. Ek is spyt dat ek dit nie gedoen het nie. Maar nou is daar 'n nuwe geleentheid om tot hierdie land te verbind ... om respek vir menseregte te bou, om die land te help ontwikkel, om die ideale wat in die grondwet vervat is, werklik te maak.

[Uit *WVK se Finale Verslag, Deel 5, Hoofstuk 9*]

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander geskiedkundige bewyse was uit die volgende geneem:

sahistory.org.za/article/1980s-and-crisis-apartheid. Toegang op 19 November 2023 verkry.

https://www.sahistory.org.za/article/liberation- organisation. Toegang op 19 November 2023 verkry

*'Rent Boycotts: Local Authorities on their Knees,' Work in Progress*, No. 44 *September/October 1986* deur K. Jochelson

https://www.saha.org.za>udf>civics.html. Toegang op 19 November 2023 verkry.

Herwitz, D. 2003, *Race and Reconciliation* (Universiteit van Minnesta Drukkery)

*Laying the Ghosts to rest* deur M. Ramphele (Tafelberg)

*Zapiro: The Madiba Years* deur J. Shapiro

*WVK se Finale Verslag, Deel 5, Hoofstuk 9*

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS